Maak jou eie maatstok

deur Izak Hofmeyr

'n Maatstok is nie iets wat mens gereeld gebruik nie, maar dis tog baie handig om te hê. Hier is 'n goedkoop en maklike manier om 'n baie bruikbare maatstok te maak vir die kere dat jy dit wel nodig het.

Materiaal

Al wat jy nodig het is:

- 'n Plankie van ongeveer 1,8 m lank
- 'n Stuk vierkantige pyp
- 'n Ysterstaaf.

Die mates is nie regtig belangrik nie – solank die pyp net knus oor die plank pas. In my geval is die vierkantige pyp 200 mm by 450 mm by 100 mm lank. Die plank is 1,8 m lank en 180 mm by 420 mm dik.

Dit is raadsaam om 'n harde tipe hout te gebruik. Dennehout is te sag.

So maak mens

Omdat ek heel agter in die ry gestaan het toe praktiese vermoëns uitgedeel is, het ek my vriend Koof Snyman gevra om die nodige sweiswerk vir my te doen. Hy het die ysterstaaf haaks aan die ysterpyp vasgesweis en toe 'n versterking op die hoek gegee. Verder het hy 'n gaatjie reg in die middel van die ysterpyp geboor en 'n moer van 8 mm daarop vasgesweis, sodat 'n bout daar ingedraai kan word om die ysterpyp op die hout te kan vashou. Vir makliker hantering kan jy 'n 6 mm dwars-ystertjie op die bout vassweis.

Om seker te maak dat jy akkuraat werk, sou jy 'n klein waterpas op die hout kon aanbring.

Nou kan jy die perd se hoogte meet deur die ysterpyp oor die plank te skuif en die staaf op die perd se skof te laat rus. Daar is maatbande by saalwinkels beskikbaar wat aan die een kant die hoogte in hande aandui en aan die ander kant die perd se gewig op grond van sy omtrek by sy bors. 'n Alternatief is om 'n gewone maatband in sentimeters of duime op die plank aan te bring, wat die hoogte van die perd sal aangee. **SAH**

Yvette Steyn (links) en Geraldine Bouwer meet die hoogte van Arop Aban

Die maatstok van naby beskou